Die historiese diffusie-indeks word in grafiek 2 getoon. Oor die algemeen kan vir doeleindes van hierdie indeks op meer tydreekse waarnemings gedoen word as in die geval van die tros-van-draaipunte-metode, omdat die rigting van verandering van 'n reeks vir 'n bepaalde tydperk soms bepaal kan word terwyl een of albei van die aangrensende spesifieke draaipuntdataums nie met sekerheid vasgestel kan word nie. Die grafiek toon 'n betreklik gladde en duidelike sikiiese beweging wat hoofsaaklik toegeskryf kan word aan die groot steekproewe en die feit dat 'n historiese indeks bereken is.

Aannemende dat die steekproef van tydreekse onsydig is, dui 'n indekswaarde van meer as 50 persent in 'n besondere maand 'n toename in ekonomiese bedrywigheid tussen die vorige maand en die betrokke maand aan. Op dieselfde wyse dui 'n indekswaarde van minder as 50 persent op 'n afname in ekonomiese bedrywigheid, terwyl 'n waarde van 50 persent beteken dat die tempo van bedrywigheid onveranderd gebly het. 'n Verwysingsdatum word dus van die grafiek verkry as synde die maand wat die snypunt met die 50-persentlyn voorafgaan. 'n Uitsondering is byvoorbeeld op hierdie reël gemaak in die geval van die 1951/52-draaipunt. Hoewel die ekonomiese bedrywigheid tussen Augustus en September 1951 skynbaar ietwat gedaal het, toon die diffusie-indeks dat die toename in bedry-

³Die mediaan is daardie maand wat die aantal draaipunte van die besondere verdeling in twee helftes verdeel.



wigheid onmiddellik ná September hierdie daling waar-skynlik oortref het. Die snypunt met die 50-persent-lyn tussen Augustus en September word derhalwe nie as betekenisvol beskou nie. Tabel 3 toon die verwysingsdatums gegrond op die diffusie-index.

Tabel 3
Verwysingsdraapunt datums volgens die ongeweegde diffusie-index

Pieke	Trôe
September 1948	Desember 1949
Desember 1951	November 1953
Junie 1955	Julie 1956
Desember 1957	Maart 1959
Junie 1960	Augustus 1961
Augustus 1965	November 1965
Junie 1967	November 1967

Alhoewel die diffusie-index nie 'n direkte weerspieëeling van algemene ekonomiese bedrywigheid gee nie, verskaf dit nogtans 'n aanduiding van die peil en koers van verandering in ekonomiese bedrywigheid. So toon dit byvoorbeeld dat 'n sterk oplewing ná 1961 plaasgevind het. Tussen Augustus 1961 en Augustus 1965 toon die indeks 'n groot swaaiwydte oor 'n lang periode. Vanaf September 1965 tot November 1965 was die afname in aktiwiteit vanaf die hoë peil wat in Augustus 1965 behaal is, besonder klein, soos getoon word deur 'n indekswaarde wat slegs in geringe mate benede die 50-persent-lyn gedaal het. Alhoewel dit wil voorkom of die afname in bedrywigheid in die tweede helfte van 1967 meer wydverspreid was as dié in die tweede helfte van 1965, het dit ook oor 'n betreklik kort tydperk voorgekom. In 1965 en 1967 kan derhalwe twee duidelike en waarskynlik statisties beduidende afwaartse fases onderskei word wat ook op grond van die diffusie-index beskou kan word as matige afnames in die verloop van 'n sterk opwaartse fase na Augustus 1961.

Vir doeleindes van vooruitskatting is dit interessant om op te merk dat die draapunte van die diffusie-index (sien grafiek 2) voortdurend met 'n aantal maande op die verwysingsdraapunte, soos dit deur hierdie indeks aangedui word, vooruitloop.

Geweegde diffusie-index

'n Gewysigde historiese diffusie-index is bereken deur die sektorale diffusie-indexe te weeg. Ongeweegde diffusie-indexe is bereken vir elke sektor (ooreenkomstig die „International Standard Industrial Classification of All Economic Activities“) sowel as vir 'n groep diverse reekse wat nie in een van die elf sektore tuisgebring kan word nie. Die gewig van hierdie „diverse“-groep teenoor die totale gewig van die elf sektore is bepaal volgens

die aantal reekse daarin opgeneem in verhouding tot die totale aantal reekse wat gebruik is. Die totale gewig wat sodoende vir die elf sektore verkry is, is aan die individuele sektore toegedeel in verhouding tot hul bydrae tot die bruto binnelandse produk. Die gewigte is vir tydperke van vyf jaar (die laaste tydperk bestaan uit slegs drie jaar) konstant gehou om die wisseling in die gewigte van jaar tot jaar te beperk.

Om 'n geweegde diffusie-index aanvaarbaar te maak, is dit wenslik dat die bewegings in die reekse van 'n besondere sektor verteenwoordigend moet wees van die verloop van die bedrywigheid in daardie sektor. Die gevaar bestaan dat betreklik groot gewigte aan sekere sektorale diffusie-indexe toegeken kan word, wat vir sekere tydperke op slegs enkele tydreekse gegrond is en wat met betrekking tot die bedrywigheid in hierdie sektore sydig kan wees. Die weging van die sektorindekse verseker egter dat die verskillende sektore van die ekonomie in die globale diffusie-index gebalanseerd is.

Die geweegde diffusie-index word in grafiek 3 aangebied, terwyl die verwysingsdatums in die volgende tabel verskyn:

Tabel 4
Verwysingsdraapunt datums volgens die geweegde diffusie-index


Pieke	Trôe
Desember 1948	Februarie 1950
Desember 1951	November 1953
April 1955	September 1956
Desember 1957	Maart 1959
April 1960	Julie 1961
Junie 1965	September 1965
Junie 1967	November 1967

Afwykings tussen verwysingsdatums

Tabel 5 toon die verskil tussen die drie stelle voorlopende verwysingsdatums volgens die trosse van spesifieke draapunte en die geweegde en ongeweegde diffusie-indexe.

In die lig van die feit dat dit onder normale omstandighede nie moontlik is om 'n draapunt in die konjunktuurgolf binne 'n kort tydsperiode, byvoorbeeld binne 'n maand, te bepaal nie, wil dit volgens tabel 5 voorkom of die resultate van die drie metodes nie beduidend van mekaar verskil nie. In werklikheid is die verskil tussen die resultate van die drie metodes ten opsigte van geen van die verwysingsdraapunte groter as vier maande nie. Dit wil ook voorkom of die verskille tussen die resultate van die drie metodes van toevallige aard is.

Al drie metodes het tekortkominge en dit sou moeilik wees om een daarvan as die beste uit te sonder. Ten einde „finale“ verwysingsdraapunte te verkry, sal die



resultate van al drie metodes tesame met die draapunte van die meer belangrike saamgestelde en ander individuele reekse en met inagneming van ekonomiese gebeurtenisse, derhalwe in aanmerking geneem moet word.

Tabel 5
Verskil tussen voorlopige verwysingsdraapunt datums
aantal maande

Jaar	Tros van draapunte min		Ongeweegde diffusie-indeks min geweegde diffusie-indeks
	Ongeweegde diffusie-indeks	Geweegde diffusie-indeks	
Boonste draapunte:			
1946	—	—	—
1948	0	-3	-3
1951	-1	-1	0
1955	-1	1	2
1957/58	1	1	0
1960	2	4	2
1965	-4	-2	2
1967	-1	-1	0
Maksimum absolute verskil	4	4	3
Gemiddelde absolute verskil	1·4	1·9	1·3
Onderste draapunte:			
1947	—	—	—
1949/50	1	-1	-2
1953	-2	-2	0
1956	1	-1	-2
1959	0	0	0
1961	0	1	1
1965/66	2	4	2
1967/68	1	1	0
Maksimum absolute verskil	2	4	2
Gemiddelde absolute verskil	1·0	1·4	1·0

Deel II

Ekonomiese ontwikkelings en finale draapunt datums van die konjunktuurgolf

In hierdie gedeelte word 'n kort oorsig van ekonomiese ontwikkelings gedurende die verskillende fases van die konjunktuurgolf gegee en aandag word op gebeure wat die verloop van die verskillende ekonomiese aanwysers kon beïnvloed het, gevestig⁴. Teen hierdie agtergrond word die drie stelle voorlopige verwysingsdraapunt datums wat in deel I verkry is, saam met veranderings in die meer belangrike saamgestelde reekse, soos die bruto binnelandse produk en die fisiese volume van fabrieksproduksie, gebruik om finale verwysingsdraapunt datums vas te stel. 'n Seleksie van die meer betekenisvolle ekonomiese aanwysers word in die bygaande grafiek getoon.

Opswaai: Die onmiddellik na-oorlogse tydperk tot Julie 1946

Hoofsaaklik as gevolg van 'n afname in landbou- en mynbouproduksie, het die reële bruto binnelandse produk slegs in 'n geringe mate gedurende die laaste drie jaar van die oorlog gestyg. Teenoor die beperkte stygging in binnelandse aanbod, het 'n aansienlike opgehoopte vraag aan die einde van die oorlog bestaan. Die strengbeperkte invoer en verhoogde goudproduksie gedurende die oorlogsjare het die binnelandse likwiditeit tot 'n baie hoë peil gevoer. In die onmiddellike na-oorlogse jare is die Suid-Afrikaanse volkshuishouding deur verhoogde vraag in sowel die binnelandse as uitvoermarkte gestimuleer, terwyl die ontdekking van goud in die Oranje-Vrystaat en gunstige verwikkelings in die mynbou in Wes-Transvaal 'n nuwe tydvak in die goudmynboubedryf ingelui het.

Teen hierdie agtergrond gesien is dit nie verbasend nie dat toe die owerhede invoer- en valutabeheer in 1946 verslap het, sekere ekonomiese aanwysers soos die goedere-invoer, die aantal nuwe motorvoertuie verkoop en kleinhandelsverkope, vinnig gestyg het. Ander aanwysers, hoofsaaklik dié van 'n finansiële aard soos die waarde van vaste eiendomtransaksies, die waarde van bouplanne goedgekeur, die aantal nuwe maatskappye geregistreer en die diskonteringe en voorskotte van handelsbanke, het opmerklik toegeneem, hoofsaaklik vanweë die hoë peil van binnelandse likwiditeit, die algemene spekulatiewe stemming en die feit dat sekere kapitaalgoedere nou beskikbaar gekom het. Die opgehoopte vraag was egter so groot dat dit 'n aansienlike stygging in pryse tot gevolg gehad het. Dit is derhalwe nie verbasend nie dat die President van die Suid-Afrikaanse Reserwebank in Augustus 1946 die aandag op die ge-

⁴Die bespreking van ekonomiese ontwikkelings is hoofsaaklik gebaseer op die Redes van die President van die Reserwebank voor aandeelhouers, die Jaarlike Ekonomiese Verslag en die Kwartaalblad van die Bank en ander inligting wat in die Ekonomiese Departement van die Bank beskikbaar is.

vare van inflasie en buitensporige spekulasielike gevestig het en gewaarsku het dat 'n grootskaalse spekulatielike gees, wat tot gevolg gehad het dat 'n groot gedeelte van die publiek gesonde oordeel en onderskeidingsvermoë in hul beleggings- en aankoopbesluite verwaarloos het, ontwikkel het.

Teen die middel van 1946 het 'n aantal belangrike ekonomiese aanwysers boonste draaipunte aangeteken. Volgens die tros van draaipunte is 'n piek in Julie 1946 bereik, terwyl die geweegde en ongeweegde diffusieindeks op 'n laer koers van toename teen die middel van 1946 gedui het, maar nie die 50-percen-lyn gekruis het nie. 'n Boonste draaipunt teen ongeveer die middel van 1946 word egter deur die verandering in die koers van toename in die bruto binnelandse produk aangedui. Indien die bydrae van die landbou uitgesluit word, het die reële produksie van die res van die volkshuishouding met $4\frac{1}{2}$ persent gedurende die jaar geëindig Junie 1946 gestyg, gevolg deur 'n toename van slegs 0·4 persent gedurende 1946/47. Alhoewel invoer en verkope van motorvoertuie voortgegaan het om toe te neem, is boonste draaipunte ook in Julie 1946 deur 'n aantal ander belangrike tydreekse getoon, en aangesien die aanduiding van die tros van draaipunte ook deur die verandering in die bruto binnelandse produk bevestig word, word hierdie maand as die eerste na-oorlogse verwysingsdraaipunt datum aanvaar.

Afswaai: Augustus 1946 tot April 1947

Die geringe verlangsaming in ekonomiese bedrywigheid wat op die Julie 1946 piek gevvolg het, het vir ongeveer nege maande voortgeduur en is in 'n groeiende koers van slegs $1\frac{1}{2}$ persent in die reële bruto binnelandse produk gedurende die jaar geëindig Junie 1947 weerspieël, gevolg deur 'n toename van $9\frac{1}{2}$ persent gedurende 1947/48.

In Augustus 1947 het die President van die Reserwebank na die verminderde gevare van inflasie en spekulasielike verwys en dit is deur die betreklike stabiliteit van verbruikerspryse, 'n afname in die prys van goudmynaandale en 'n meer gematigde verloop in vaste eindomstraksies, bevestig. Onderste draaipunte is in die eerste helfte van 1947 deur 'n aantal belangrike reekse getoon, maar van die drie algemene statistiese metodes het slegs die tros van draaipunte op 'n trog gedui. Gesien die verandering in die koers van toename in die reële bruto binnelandse produk en die aantal onderste draaipunte wat by die meer belangrike ekonomiese reekse opgemerk word, wil dit voorkom of 'n trog in ongeveer April 1947 voorgekom het.

Opswaai: Mei 1947 tot November 1948

Die uitstaande kenmerk van hierdie tydperk was die uitsonderlik hoë koers van toename in die reële produk. Gedurende die kalenderjaar 1948 het die reële bruto binnelandse produk byvoorbeeld met nie minder nie as $8\frac{1}{2}$ persent gestyg, terwyl die ooreenstemmende koers

vir die jaar geëindig Junie 1948 selfs nog hoër was, naamlik ongeveer $9\frac{1}{2}$ persent. Hierdie opvallende versnelling in die koers van toename in die reële produk is deur betekenisvolle stygings in feitlik alle soorte binnelandse besteding en uitvoer veroorsaak. Die ontginning van die nuwe goudvelde van die Verre Wesrand, die ontwikkeling van diep myne en die ontdekking van die Vrystaatse goudvelde het ook bygedra om algemene optimisme gedurende hierdie tydperk te verhoog.

As gevolg van die hoë koers van toename in die reële bruto binnelandse besteding van nie minder nie as 8·8 en 8·5 persent in 1947 en 1948 onderskeidelik, het die volkshuishouding tekens van oorverhitting begin toon. Die verbruikerspryssindeks het met nie minder nie as 5·8 persent in 1948, vergeleke met 1947, gestyg, en groot tekorte het in 1947 en 1948 op die lopende rekening van die betalingsbalans voorgekom. As gevolg van 'n aansienlike toevloeiing van kapitaal in 1947 en in die eerste kwartaal van 1948, het die Reserwebank se goud- en buitelandse valutareserves tot Maart 1948 skerp toegeneem, voordat dit weer opmerklik gedaal het. Om die toestand te verlig het die Tesourie staatsdepartemente, plaaslike owerhede en ander openbare liggame in Augustus 1948 versoek om hul kapitaaluitgawes te besnoei en vanaf November 1948 is buitelandse valuta vir invoer uit nie-Sterlinglande beperk. In Desember 1948 het die Reserwebank handelsbanke versoek om kredietfasilitete vir nie-produktiewe doeleindes in te kort.

Hierdie maatreëls, gepaard met 'n mate van politieke onsekerheid as gevolg van die regeringsverandering in April 1948, het 'n laer koers van toename in ekonomiese bedrywigheid tot gevolg gehad. Binnelandse ekonomiese aanwysers dui op 'n boonste draaipunt in die konjunkturgolf teen die einde van 1948. So 'n draaipunt is inderdaad in September 1948 deur sowel die ongeweegde diffusie-indeks as die tros van draaipunte aangetoon, terwyl die geweegde diffusie-indeks Desember 1948 as 'n verwysingspiek aangedui het. Niteenstaande die verskille in die draaipunte deur verskeie belangrike reekse getoon, skyn dit dat daar 'n konsentrasie van boonste draaipunte van die meer strategiese reekse in die vierde kwartaal van 1948 voorgekom het. Aangesien sommige van die reekse wat 'n boonste draaipunt in Desember aantoon redelikerwys verwag kan word om sloerings te weerspieël, is November 1948 as die verwysingspiekdatum vir hierdie fase van die konjunkturgolf geneem.

Afswaai: Desember 1948 tot Februarie 1950

In Februarie 1949 het die Minister van Finansies algemene invoerbeheer by wyse van lisensiëring vir invoer vanaf die Sterlinggebied en 'n stelsel van kommoditeitsbeheer op invoer vanaf nie-Sterlinglande, met ingang van 1 Julie 1949, aangekondig. Alhoewel die aankondiging tot antisipasie-invoere vanaf die Sterling-

gebied aanleiding gegee het, het totale invoer vanaf Desember 1948 begin daal as gevolg van verskeie beperkende maatreëls wat in 1948 geneem is.

Gedurende die verloop van 1949 het die koers van toename in algemene ekonomiese bedrywigheid aansienlik gedaal. Vergeleke met 'n toename van $8\frac{1}{2}$ persent in 1948, het die reële bruto binnelandse produk slegs met $3\frac{1}{2}$ persent gedurende 1949 gestyg. Hierdie aanmerklike daling in die koers van toename is deur drastiese afnames in die koers van toename van byna al die komponente van binnelandse besteding sowel as uitvoer, veroorsaak. Die koers van toename in reële private verbruiksbesteding het van ongeveer 8 persent in 1948 tot 3 persent in 1949 gedaal; die reële vaste investering van nagenoeg 30 persent tot 14 persent; die reële uitvoer van 'n styging van byna 9 persent tot 'n daling van ongeveer 1 persent; en die reële invoer van 'n toename van 10 persent tot 'n afname van ongeveer 13 persent.

Ten spyte van 'n groot netto kapitaalinvloeiing gedurende die tweede helfte van 1949, het die tekort op die lopende rekening van die betalingsbalans tot 'n aansienlike daling, vanaf 'n betreklike hoë peil in Maart 1948 tot 'n krisispeil van slegs R108 miljoen in Augustus 1949, in die goud- en buitelandse valutareserwes gelei. Op 18 September 1949 is die Suid-Afrikaanse pond gelyktydig met die pond Sterling devalueer. Dit het 'n stimulerende invloed op die Suid-Afrikaanse volkshuishouding gehad, nie alleen vanweë die uitwerking op die betalingsbalans nie, maar ook deur die aansporing van buitelandse belegging in Suid-Afrika, en veral wat betref die hulp wat dit vir die goudmynboubedryf meegebring het. Die netto uitvloeiing van private kapitaal wat gedurende die eerste helfte van 1949 ondervind is, het in die tweede helfte van 1949 omgeswaai en die totale goud- en buitelandse valutareserwes het weer vanaf Oktober 1949 gestyg. Die likwiditeit van die private sektor het ook na die devaluasie toegeneem, en 'n klimaat wat bevorderlik vir inflasie was, het ontstaan. Die Bankkoers is derhalwe op 30 Oktober 1949 van 3 na $3\frac{1}{2}$ persent verhoog.

Die ekonomiese gebeurtenisse wat hierbo geskets is, duï op 'n onderste draapunt in sake-bedrywigheid teen die einde van 1949 of vroeg in 1950. Hierdie vermoede word deur die resultate van die drie statistiese metodes bevestig wat draapunte as volg gee: die ongeweegde diffusie-index in Desember 1949, die tros van draapunte in Januarie 1950, en die geweegde diffusie-index in Februarie 1950. Die meer belangrike gekose aanwysers het onderste draapunte in verskeie maande vanaf Augustus 1949 tot Junie 1950 aangegeteken. Hierdie draapunte het dus oor 'n tydperk van elf maande voorgekom, maar 'n konsentrasie is teen die end van 1949 en die begin van 1950 waargeneem. Alhoewel dit moeilik is om 'n verwysingsdraapunt aan 'n spesifieke maand in hierdie stadium van die siklus toe te wys, wil dit nietemin voorkom asof Februarie

1950 die mees aanneemlike finale verwysingsdraapunt datum is.

Opswaai: Maart 1950 tot Desember 1951

Die versnelting in ekonomiese bedrywigheid na Februarie 1950 kan hoofsaaklik aan die stimulerende uitwerking van die devaluasie en die ekspansionistiese toestande wat deur die Koreaanse Oorlog veroorsaak is, toegeskryf word. Die devaluasie gepaardgaande met invoer- en valutabeheer, sowel as 'n netto invloeiing van kapitaal, het tot 'n skerp styging in die goud- en buitelandse valutareserwes en tot 'n finansiële klimaat wat vir ekonomiese uitbreiding gunstig was, aanleiding gegee. Verder het die aansienlike herbewapening en voorraadoppotting deur verskeie lande as gevolg van die Koreaanse Oorlog daar toe gelei dat sowel die prys as die volume van Suid-Afrikaanse uitvoer aansienlik gestyg het.

Die veerkrachtige ekonomiese toestand is deur 'n toename van 8 persent in die reële bruto binnelandse produk vir die jaar geëindig Junie 1951, weerspieël. Indien die bydrae van die landbou, wat 'n buitengewoon hoë styging gedurende daardie jaar getoon het, buite rekening gelaat word, het die produksie van die nelandbousektore met ongeveer 5 persent vermeerder. Die vernaamste ekspansionistiese kragte skyn hoër uitvoer en 'n skerp toename in voorraadvorming, waarskynlik gedeeltelik met die oog op oppotting vanweë die onsekere internasionale politieke toestande, te gewees het. Gevolglik het die invoer skerp gestyg, terwyl die uitvoer tot April 1951 toegeneem en daarna afgeneem het. Met 'n groot kapitaalinvloeiing gedurende 1950 en 1951, het die goud- en buitelandse valutareserwes deurgaans gedurende 1950 en die eerste helfte van 1951 gestyg, voordat dit begin daal het.

As gevolg van die stygende koste van invoere en die heersende binnelandse faktore, het inflasionistiese druk gedurende 1951 ontwikkel toe die verbruikersprysindeks met nie minder nie as 7·3 persent, vergeleke met die vorige jaar, gestyg het. In sy Begrotingsredes van sowel Maart 1950 as 1951 het die Minister van Finansies teen die hoë peil van besteding gewaarsku. Die hoë vlak van ekonomiese bedrywigheid het uiteindelik tot die ontstaan van sekere knelpunte, soos onvoldoende krag-, vervoer- en kommunikasiefasilitate en 'n tekort aan sowel geskoolde as ongeskoolde arbeid, gelei.

Die bogemelde omstandighede en ander beperkende faktore het tot 'n verlangsaming in algemene ekonomiese bedrywigheid gelei, en 'n piek in die konjunkturgolf het dus waarskynlik teen die einde van 1951 voorgekom. Volgens die tros van draapunte is 'n boonste verwysingsdraapunt in November 1951 bereik, terwyl sowel die geweegde as die ongeweegde diffusie-indexe op 'n piek in Desember duï. Die meeste van die belang-

rike individuele reekse het draaipunte rondom Desember 1951 aangeteken. 'n Piek teen die einde van 1951 is ook deur die reële bruto binnelandse produk, wat teen 'n stadiger koers in 1952 as in 1951 toegeneem het, aangedui. Desember 1951 blyk derhalwe die beste keuse as 'n verwysingspiekdatum te wees.

Afswaai: Januarie 1952 tot Maart 1953

Gedurende hierdie tydperk het sekere onewewigtighede in die ekonomie na vore gekom. As gevolg van die hoë koers van ontwikkeling van die private sektor gedurende die voorafgaande jare, het die voorsiening van openbare dienste soos vervoer, water, krag, behuising, skole en hospitale, by die verhoogde vraag agtergebleby. Die owerhede het gevolglik 'n beleid van ekonomiese konsolidasie aanvaar ten einde 'n meer gebalanseerde groei in die ekonomie teeweeg te bring. Met hierdie doel voor oë het die Begroting van 1952 verskeie beperkende maatreëls, soos verhogings in doeane- en aksynsregte, postarieue, inkomstebelasting op maatskappye, seëlregte op wissels en op transportaktes, en 'n vermindering van die primêre belastingkorting vir persone, ingesluit.

Die volgehoue hoë vraag na krediet het tot opwaartse druk op rentekoerse geleid en die Bankkoers is op 27 Maart 1952, in ooreenstemming met die stygende neiging van geldmarkkoerse in die buiteland, van $3\frac{1}{2}$ na 4 persent verhoog. In Julie 1952 het die Minister van Finansies goedkeuring gegee aan 'n hoër patroon van rentekoerse op staats- en munisipale effekte en effekte van openbare nutsmaatskappye. Die likwiede bates van die private sektor het tussen Maart 1951 en September 1952 as gevolg van 'n skerp afname in die goud- en buitelandse valutareserves 'n daling getoon.

Hierdie maatreëls het inderdaad die verlangde uitwerking gehad om die koers van toename in die algemene ekonomiese bedrywigheid te verlangsaam. Dit word weerspieël in die groeikoers van die reële bruto binnelandse produk, wat van 5.4 persent in 1951 tot 3.2 persent in 1952 gedaal het, voordat dit tot 4.9 persent in 1953 toegeneem het. Op soortgelyke wyse het die reële bruto binnelandse besteding in 1952 met 4 persent afgeneem voordat dit gedurende 1953 weer met 7 persent gestyg het. 'n Noukeuriger studie van die verloop van die komponente van die bruto binnelandse produk en besteding toon egter uiteenlopende tendense. Indien die landbouproduksie uitgesluit word, het die koers van toename in die reële bruto binnelandse produk gedaal vanaf 4.9 persent in 1951 tot 3.9 persent in 1952 en 'n baie gematigde styging tot 4.2 persent in 1953 getoon. Bowendien was, aangesien van die landbou, die handel die enigste belangrike sektor wat 'n aanmerklike versnelling in die koers van toename getoon het, naamlik van $2\frac{1}{2}$ persent in 1952 tot 8 persent in 1953. Die toename in die reële toegevoegde

waarde van fabriekswese het vanaf die baie hoë koers van $8\frac{1}{2}$ persent in 1951 tot $6\frac{1}{2}$ persent in 1952 gedaal en vervolgens weer tot 7 persent in die volgende jaar gestyg. Alhoewel laasgenoemde styging slegs 'n geringe versnelling aandui, het die produksietempo hoog gebly.

Die komponente van die bruto binnelandse besteding het ook uiteenlopende neigings getoon. Die koers van toename in private verbruiksbesteding teen konstante pryse het vanaf ongeveer 4 persent in 1951 tot 2 persent in 1952 afgeneem en vervolgens tot 5 persent in 1953 gestyg. Die private vaste investering teen heersende pryse, wat in 1952 met ongeveer 13 persent toegeneem het, het in 1953 'n styging van slegs ongeveer 2 persent getoon, terwyl die vaste investering deur openbare owerhede so vinnig versnel het dat die totale vaste investering in 1953 met 13 persent gestyg het, vergeleke met 14 persent gedurende die vorige jaar. Uit die veranderings in die nasionale rekening-gegewens wil dit voorkom asof die ekonomiese bedrywigheid gedurende 1952 meer gelyk verloop het maar in 1953 ietwat meer momentum gekry het. Hierdie neigings dui dus daarop dat 'n onderste draaipunt in die konjunkturgolf waarskynlik teen die einde van 1952 of vroeg in 1953 bereik is. Die uiteenlopende neigings, veral die skommelings in die landbou, toon egter dat die draaipunt nie presies afgebaken kan word nie en dat die ekonomie waarskynlik vir geruime tyd, sê vanaf die vierde kwartaal van 1952 tot die tweede kwartaal van 1953, „horisontaal“ beweeg het.

Dit is derhalwe nie verbasdend nie dat die drie algemene statistiese metodes verskillende resultate oplewer wat almal skynbaar 'n hele paar maande verwyderd is van waar 'n mens die draaipunte volgens die nasionale rekening-gegewens sou kon verwag het. Die tros van draaipunte dui op 'n trog in September 1953, terwyl sowel die geweegde as die ongeweegde diffusie-indeks onderste draaipunte aangee wat so laat as November 1953 voorgekom het. Dit is van betekenis dat die geweegde diffusie-index vroeg in 1953 opvalende skommelings getoon het en in werklikheid die 50-persent-lyn tussen Februarie en April 1953 oorskry het. Aangesien die aansienlike verskil tussen die verwysingsdatums wat deur die drie statistiese metodes getoon word en dié wat deur die veranderings in die syfers betreffende die reële binnelandse produk en besteding aangedui word, moeilik versoenbaar is, is die gedrag van spesifieke reekse wat vir konjunktuurinvloede gevoelig is, ondersoek.

'n Reeks wat normaalweg 'n goele ooreenkoms met ekonomiese bedrywigheid toon, is dié van die goedere-invoer. Die seisoensaangesuiwerde waarde van die invoer het in September 1952 'n onderste draaipunt getoon. Indien hierdie reeks vir die invoer van regeringsvoorraade en tekstielware, wat albei kategorieë is wat deur eksogene faktore beïnvloed is, aangesuiwer word, dui dit op onderste draaipunte in September 1952 en Junie 1953, met 'n effense toename tussen

hierdie twee datums. Aangesien die invoerbeheerbeleid die verloop van hierdie reeks kon beïnvloed het, is dit belangrik om daarop te let dat bykomende beperkings in 1952 aangekondig is, maar nie in 1953 nie.

Daar kan ook op die gedrag van die ander sikkies gevoelige reekse gelet word. Bouplanne goedgekeur het in Desember 1952 'n duidelike onderste draapunt getoon, transaksies in vaste eiendom in Julie 1952, die aantal werklose Blankes, Kleurlinge en Asiate in September 1952, die aantal maatskappye geregistreer in Januarie 1953, en die diskonteringe en voorskotte van die handelsbank in Junie 1953. Reekse wat op 'n onderste draapunt in die tweede helfte van 1953 dui, is die pryse van nywerheids- en handelsaandele (Desember 1953), goud- en buitelandse valutareserves (Januarie 1954), en die aantal nuwe motorvoertuie verkoop (Januarie 1954).

In die lig van die verloop van die geweegde diffusieindeks vroeg in 1953 en van die draapunte van die invoer en sekere ander reekse, asook op grond van bekende feite met betrekking tot ekonomiese beleid en die verloop in die ekonomie in die algemeen, word aanvaar dat die trog in ekonomiese bedrywigheid op Maart 1953 vasgestel behoort te word. Dit sou ook ooreenstem met die veranderings in die beskikbare totale van die nasionale rekeninge.

Opswaai: April 1953 tot April 1955

Die opswaai vanaf April 1953 is in belangrike mate deur die toename in die vaste investering wat gedurende 1952 begin het en gedurende 1953 voortgeduur het, aangespoor. Die herstel is verder gerugsteun deur 'n toename in die goudproduksie vanaf die middel van 1953, toe nuwe myne in produksie gekom het, en deur 'n toename in die uitvoer. Die Begroting van 1954/55 het stimulerende maatreëls bevat soos 'n vermindering van persoonlike belasting, die afskaffing van die spaarheffing, en toegegewings in die vorm van aanvangs- en investeringstoelaes aan nyweraars. As gevolg van die hoër uitvoer en 'n gunstige wending in die toevloeiing van kapitaal vanaf die tweede kwartaal van 1954, het die seisoensaangesuiwerde goud- en buitelandse valutareserves van die Reserwebank vanaf Februarie 1954 tot Maart 1955 skerp toegeneem en het dit, te same met 'n algemene toename in bankkrediet gedurende die grootste gedeelte van die opwaartse fase, 'n ruim geldtoestand geskep wat vir 'n hoër peil van ekonomiese aktiwiteit bevorderlik was en gedurende die tweede helfte van 1954 tot 'n afwaartse beweging van rentekoerse gelei het.

Hooftsaaklik as gevolg van die hoë koers van toename in die vaste investering gedurende 1953 en die skerp toename in die uitvoer vanaf die middel van 1953, het die groeikoers in die reële bruto binnelandse produk, wat gedurende 1952 met slegs effens meer as 3 per-

sent toegeneem het, in 1953 tot byna 5 persent gestyg en in 1954 verder toegeneem tot ongeveer $6\frac{1}{2}$ persent. Die vernaamste sektore wat in 1954 tot die toename bygedra het was die mynbou, die fabriekswese, en elektrisiteit, gas en water, met toenames van 14, 9 en 10 persent onderskeidelik.

Grotendeels as gevolg van arbeidstekorte, het inflasionistiese neigings teen die einde van hierdie periode ontstaan en het die seisoensaangesuiwerde indeks van verbruikerspryse tussen Desember 1953 en April 1955 teen 'n gemiddelde jaarkoers van 3,8 persent toegeneem. Om hierdie inflasionistiese neigings in toom te hou, het die regering in sy Begroting van 1955/56 die belastingtoegewings wat gedurende die vorige jaar toegestaan is, teruggetrek, aansienlike bedrae na die Leningsrekening oorgeplaas en die lopende verbruiksbesteding so veel as moontlik ingekort. Die lopende besteding van die algemene owerheid teen konstante prys het afgeneem terwyl die koers van toename in totale vaste investering opvallend gedaal het. Daar kon dus redeelikwys verwag word dat 'n afswaai in ekonomiese bedrywigheid in die eerste helfte van 1955 voorgekom het.

'n Groot aantal ekonomiese aanwysers het vroeg in 1955 afwaartse veranderings getoon. Die geweegde diffusie-indeks het in April, die tros van draapunte in Mei, en die ongeweegde diffusie-indeks in Junie 1955 'n piek aangeteken. 'n Boonste draapunt in die eerste helfte van 1955 is ook versoenbaar met 'n daling in die groeikoers van die reële bruto binnelandse produk van die nie-landbousektore vanaf byna 7 persent gedurende die jaar geëindig Junie 1955 tot 5 persent in 1955/56. In die lig van die verloop van die meer belangrike spesifieke ekonomiese aanwysers wil dit voorkom of 'n verwysingspiek in April 1955 die aanneemlikste is.

Afswaai: Mei 1955 tot September 1956

Soos hierbo vermeld, het die 1955/56-Begroting beoog om die inflasionistiese druk te verminder. Daarby het die Reserwebank die handelsbank in Julie 1955 versoek om die verlening van krediet vir doeleindes van verbruiksbesteding en vaste investering te beperk. Die Bankkoers is van 4 tot $4\frac{1}{2}$ persent verhoog, gedeeltelik om die afname in die kapitaaltoevloeiing vanaf die buiteland te ontmoedig. 'n Afname in prys van landbouprodukte soos wol en mielies en die afname in die kapitaaltoevloeiing het ook bygedra tot die matige afname in binnelandse ekonomiese bedrywigheid.

Die totale reële vaste investering het met bykans $4\frac{1}{2}$ persent in 1955 en met 2 persent in 1956 afgeneem. Die reële private sowel as owerhedsverbruiksbesteding het teen 'n stadiger koers gedurende 1956 in vergelyking met 1955 toegeneem, terwyl die koers van toename in die reële uitvoer 'n merkbare afname vanaf 12 tot 8 persent gedurende dieselfde periode getoon het.

Die verslapping in die binnelandse vraag het 'n matige afname in die koers van toename in die bruto binnelandse produk tot gevolg gehad. Indien die bydrae van die landbou uitgesluit word, het die reële bruto binnelandse produk met slegs 5 persent in die jaar geëindig Junie 1956 toegeneem vergeleke met byna 7 persent gedurende die voorafgaande jaar. Die bydrae tot die bruto binnelandse produk deur die fabriekswese en die mynbou het albei teen laer koerse gedurende 1956 toegeneem.

Die verandering in die binnelandse vraag na goedere en dienste is weerspieël in 'n merkbare ommeswaai in die lopende rekening van die betalingsbalans, van 'n groot tekort gedurende die periode van 1953 tot 1955 tot 'n ewewigstoestand in 1956. Toe die kapitaalinvloeiing tot 'n lae peil gedaal het, het die goud- en buitelandse valutareserves min verandering gedurende die grootste gedeelte van 1956 getoon maar matig vanaf die laaste kwartaal van 1956 tot die middel van 1957 begin toeneem.

Die toename in die goud- en buitelandse valutareserves tesame met 'n toename in bankkrediet het tot 'n aansienlike toename in die likwiditeit van die private nie-banksektor teen die einde van 1956 en die begin van 1957 gelei. Hoofsaaklik as gevolg van 'n toename in goud- en uraanproduksie het die uitvoer vanaf Maart 1956 tot Maart 1957 toegeneem, terwyl 'n merkbare toename in ontvangste van vreemde skepe wat Suid-Afrikaanse hawens na die Suez-krisis aangedoen het, bygedra het tot die verbetering in die betalingsbalans. Boonop het die Reserwebank teen die einde van 1956 sy versoek aan die handelsbanke om krediet vir doeleindes van verbruiksbesteding en vaste investering te beperk, teruggetrek. Gedurende 1957 is invoerbeperkings, in die besonder op motorvoertuie, en minimum huurkoopvereistes vir motorvoertuie verslap.

In die lig van die voorafgaande beskrywing van ekonomiese ontwikkelings wil dit voorkom of 'n matige afname in algemene ekonomiese bedrywigheid gedurende die tweede helfte van 1955 en die eerste helfte van 1956 voorgekom het. Omdat ekonomiese bedrywigheid blybaar teen die einde van 1956 effens versnel het, word 'n laer draapunt in ekonomiese bedrywigheid in die tweede helfte van 1956 aangedui. Dit is derhalwe nie verbasend dat 'n relatief groot aantal ekonomiese aanwysers gedurende die tweede helfte van 1956 van rigting verander het nie. Die drie algemene statistiese metodes gee verwysingstrôe in die tweede helfte van 1956 soos volg: Die ongewegde diffusie-indeks in Julie, die tros van draapunte in Augustus en die gewegde diffusie-indeks in September. Alhoewel dit nie voor die hand liggend is welke een van hierdie drie maande die verwysingsdraapunt is nie, maak die feit dat 'n belangrike konjunkturgolfaanwyser soos die goedere-invoer in September gedraai het, waarskynlik laasgenoemde maand die meesaanvaarbare verwysingstrogdatum.

Opswaai: Oktober 1956 tot Januarie 1958

As gevolg van die verslapping van beperkings op die invoer en op huurkoop- en bankkrediet, en met geld relatief vryelik beskikbaar, het verskeie komponente van besteding aansienlik gedurende 1957 toegeneem terwyl die uitvoer veerkratig blyb het. So het die reële bruto binnelandse besteding met 5·9 persent in 1957 gestyg vergeleke met 'n toename van slegs 3 persent gedurende die voorafgaande jaar. Al die komponente van die bruto binnelandse besteding het tot die versnelling in die koers van toename bygedra. Die toename in die binnelandse besteding tesame met die veerkratigheid van die uitvoer het dus tot 'n versnelling in die bruto binnelandse produk gelei, van 'n toename in reële terme van ongeveer 5 persent in 1956 tot bykans 6 persent in 1957 indien die landbou-produksie uitgesluit word. Laasgenoemde het gedurende 1957 'n afname getoon met die gevolg dat die koers van toename in die totale bruto binnelandse produk gedurende 1957 afgeneem het. Die versnelling in ekonomiese bedrywigheid gedurende 1957 blyk baie matig te gewees het, net soos die voorafgaande afswaai.

Met uitvoer wat vroeg in 1957 'n boonste draapunt bereik het en snel stygende invoer, was daar weer 'n klein tekort op die lopende rekening van die betalingsbalans gedurende 1957. As gevolg van hoofsaaklik die hoër rentekoersstruktur in die buiteland, is gedurende 1957 'n uitvloeiing van kapitaal ondervind, wat terloops die eerste uitvloeiing sedert 1946 was. Dit het tot gevolg gehad dat daar vanaf ongeveer die middel van 1957 'n afname in die goud- en buitelandse valutareserves was. Nieteenstaande hierdie afname het aansienlike toenames in bankkrediet aan sowel die private as die regeringsektore 'n toename in die likwiditeit van die private sektor tot gevolg gehad, wat op sy beurt besteding aangewakker het en daardeur die druk op die betalingsbalans verhoog het.

Onder hierdie omstandighede het die owerhede teen die einde van 1957 en vroeg in 1958 'n beperkende beleid begin volg ten einde die betalingsbalans te beveilig en oormatige besteding in te kort. Gedurende November 1957 het die Reserwebank die handelsbanke versoek om krediet vir verbruiksdoeleindes en invoer te beperk. Rentekoerse is in Februarie 1958 opwaarts aangepas, die minimum vereistes vir huurkoopkrediet is verskerp en lenings deur plaaslike owerhede is beperk. Gedurende Mei 1958 is vir die eerste keer van die handelsbanke vereis om aanvullende kontantreserves by die Reserwebank te hou en hulle vermoë om krediet te skep is dus sodoende ingekort. Die Minister van Finansies het in sy Begrottingsrede in Julie 1958 aansienlike toenames in sekere doeane- en aksynsregte aangekondig en spesiale maatreëls is ingevoer om addisionele leningsfondse van die publiek te verkry om die regering se kapitaalprogram te finansier.

Die bovenoemde verwikkellings duï daarop dat die algemene ekonomiese bedrywigheid, nadat dit effens

afgeneem het gedurende 1955/56, in 1957 weer tot 'n mate herstel het, maar as gevolg van oormatige besteding en 'n afname in die uitvoer het daar betalingsbalansprobleme ontstaan en, soos reeds hierbo beskryf, is ekonomiese bedrywigheid weer teen die einde van 1957 en vroeg in 1958 ingekort. 'n Bonste draapunt in die konjunkturgolf kan dus redelikerwyse teen hierdie tyd verwag word. Dit word bevestig deur die boonste draapunte soos aangegee deur die drie algemene statistiese metodes, naamlik: geweegde en ongeweegde diffusie-indekse in Desember 1957 en die tros van draapunte in Januarie 1958. Laasgenoemde skyn die meer aanvaarbare verwysingsdraapunt datum te wees, aangesien die meer belangrike ekonomiese aanwysers ook om Januarie 1958 gekonsentreer is.

Afswaai: Februarie 1958 tot Maart 1959

Saketoestande was gedurende 1958 en vroeg 1959 traag as gevolg van maatreëls wat teen die einde van 1957 en begin 1958 in werking gestel is om oormatige besteding in te kort en die druk op die betalingsbalans te verlig, die afname in die uitvoer veral as gevolg van laer pryse, die afname in landbouproduksie as gevolg van ongunstige weersomstandighede, asook die buitengewoon hoë peil van voorraadinvestering. Die koers van toename in die reële bruto binnelandse produk het dus afgeneem van ongeveer $4\frac{1}{2}$ persent in 1957 tot slegs $\frac{1}{2}$ persent in 1958. Dit is veroorsaak deur 'n laer koers van toename in die reële private en owerheidsverbruiksbesteding en 'n werklike afname in die reële uitvoer. Die koers van toename in vaste investering teen konstante pryse het egter steeds toegeneem. Die algemene verlangsaming in ekonomiese bedrywigheid is ook weerspieël in 'n verbetering van die toestand in die arbeidsmark.

Gedurende die tweede helfte van 1958 het die invoer afgeneem terwyl daar 'n toename in die uitvoer en netto goudproduksie was, met die gevolg dat die lopende rekening van die betalingsbalans 'n verbetering getoon het. Terselfdertyd was daar 'n groot kapitaalinvloeiing en het die goud- en buitelandse valutareserwes dus vinnig toegeneem. In die lig van die verbetering in die betalingsbalanspositie en die relatiewe slappe in die binnelandse ekonomiese toestande, is verskeie maatreëls getref om die beskikbaarheid van krediet te vergemaklik en om ekonomiese aktiwiteit te stimuleer. Die aanvullende reserweverpligtings wat vir handelsbanke ingestel is, is in November 1958 en weer in Februarie 1959 verlig. Samehangend hiermee het die Reserwebank die Bankkoers van $4\frac{1}{2}$ tot 4 persent in Januarie 1959 verlaag. Die Begroting van Maart 1959 het verskeie stimulerende maatreëls, soos die volgende, bevat: die aanvangstoelae ten opsigte van nuwe nywerheidsmasjinerie is vir inkomstebelastingdoeleindes

van 10 tot 20 persent verhoog, 'n nuwe waardeverminderingstoelae van 2 persent per jaar op nuwe fabrieksgeboue is ingestel, die bestaande toegewing aan nuwe „ultra-diep“ goudmyne om 5 persent rente by te voeg by die kapitaaluitgawe wat hulle van winste kon af trek, is na alle goudmyne uitgebrei, 'n addisionele bedrag is bewillig vir noodleniging aan boere, die beheer oor kapitaaluitgawes van munisipaliteite is verslap, huurkoopbeperkings ten opsigte van nuwe en laat model voertuie is in Maart en Mei 1959 verlig, terwyl persoonlike inkomstebelastingskoerse verlaag en die leningsheffing afgeskaf is. 'n Gunstige klimaat is verder geskep deur die aankondiging dat die regering voorkeur sou gee aan plaaslike vervaardigers van tekstiele en ingenieursprodukte by die toekenning van amptelike tenders.

As gevolg van die onderskeie maatreëls was daar vroeg in 1959 'n versnelling in aktiwiteit. Die ekonomiese oplewing in die belangrikste nywerheidslande gedurende 1959 het tot verhoogde uitvoer en hoër kommoditeitspryse geleid wat die Suid-Afrikaanse volkshuishouding verder gestimuleer het. Hierdie verwikkellings dui daarop dat 'n onderste sikliese draapunt moontlik vroeg in 1959 bereik kon gewees het. Die drie algemene statistiese metodes bevestig dit en wys almal 'n onderste verwysingsdraapunt in Maart 1959, wat dus aanvaar kan word as die verwysingstrogdatum.

Opswaai: April 1959 tot April 1960

Die oplewing in ekonomiese bedrywigheid gedurende 1959 word weerspieël in die verdubbeling in die koers van toename van die reële bruto binnelandse produk tussen 1958 en 1959. Die versnelling was hoofsaaklik te danke aan 'n skerp toename in die uitvoer en aan 'n toename in landbouproduksie. Ten spyte van die toename in die reële produksie het die reële binnelandse besteding gedurende 1959 afgeneem. Die lopende rekening van die betalingsbalans het dienooreenkomsdig 'n groot oorskot getoon en, met 'n matige uitvloeiing van kapitaal, het die goud- en buitelandse valutareserwes tot Januarie 1960 aanhoudend gestyg.

Die uitbreiding was gedurende die eerste maande van 1960 nog steeds aan die toename toe die politieke oproerighede wat gedurende Maart plaasgevind het, tot 'n grootskaalse kapitaaluitvloeiing aanleiding gegee het wat 'n voortdurende dreinering van die goud- en buitelandse valutareserwes sowel as 'n vermindering van die likwiede bates van die publiek by die banksektor veroorsaak het. Ten spyte van 'n aantal toegewings wat gedurende Maart 1960 deur die Minister van Finansies aangekondig is om die ekonomie te stimuleer, is die vertroue van sakelui klaarblyklik aangetas, en het die ekonomie in 'n resessie verval voordat die oplewing momentum kon bereik.

Die drie algemene statistiese metodes dui drie verskillende boonste draaipunte in 1960 soos volg aan: die geweegde diffusie-index in April, die ongeweegde diffusie-index in Junie en die tros van draaipunte in Augustus. Op grond van die boonste draaipunte van veral die meer belangrike individuele reekse en die feit dat die invoer teen die einde van 1959 meer gelyk begin verloop het, word die draaipunt van die geweegde diffusie-index, naamlik April 1960, aanvaar as die verwysingspiekdatum van die konjunktuurgolf.

Afswaai: Mei 1960 tot Augustus 1961

Gedurende hierdie afswaai is die ekonomiese toestand gekenmerk deur 'n algemene gebrek aan vertroue as gevolg van die politieke onrus in Maart 1960. 'n Aansienlike uitvloeiing van private kapitaal het plaasgevind, die uitvoer het merkbaar gedaal en ondernemers het 'n onsekere houding teenoor die ontwikkeling van nuwe kapitaalprojekte ingeneem. Die traagheid van die vaste investering wat hieruit voortgevloeи het, is deur die oordrag van surpluskapasiteit in sekere vervaardigings-sektore vanaf die vorige sikielse laagtepunt, en deur die mededinging van invoer vererger. Ander komponente van die bruto binnelandse besteding, naamlik die private verbruiksbesteding en die investering in voorrade, het ook afgeneem of gelyk verloop. Terselfdertyd het die reëlle bruto binnelandse produk in 1960 en 1961 met ongeveer 5 en $3\frac{1}{2}$ persent, onderskeidelik, toegeneem. Vir die jaar geëindig Junie 1961 was die reëlle groei-kopers ook slegs $3\frac{1}{2}$ persent. Die bruto nasionale produk het nietemin die bruto binnelandse besteding oorskry en dit is weerspieël in 'n oorskot op die lopende rekening van die betalingsbalans. Ondanks hierdie oorskot het die groot kapitaaluitvloeiing 'n aansienlike afname in die goud- en buitelandse valutareserwes, tot die baie lae peil van R142 miljoen in Junie 1961, tot gevolg gehad.

In hierdie omstandighede het die owerheid te staan gekom teenoor die probleem dat die binnelandse ekonomie aansporing nodig gehad het terwyl die buitelandse toestand 'n beperkende beleid vereis het om 'n devaluasie te vermy. Ten einde die druk op die betalings-balans te verlig, is invoer- en valutabeheer verskerp en is beheer oor buitelandse kapitaal in Junie 1961 ingestel. Doeane- en aksynsregte op sekere weeldeverbruiks-goedere is ook in die Begroting van 1961 verhoog. Boonop is die Bankkoers verhoog van 4 na $4\frac{1}{2}$ persent in Augustus 1960 en na 5 persent in Mei 1961. Alhoewel die Begrotings van 1959 en 1960 maatreëls bevat het om die vaste investering aan te moedig, was die beleid in die algemeen dus daarop gemik om die betalings-balansposisie te beskerm.

Geoordel volgens die heersende ekonomiese toestand in 1961, wil dit voorkom asof daar tussen Mei en November 1961 'n onderste draaipunt van die konjunktuurgolf bereik is. Beide die tros van draaipunte en die ongeweegde diffusie-index toon dat 'n onderste draai-

punt in ekonomiese bedrywigheid in Augustus 1961 bereik is, terwyl die geweegde diffusie-index Julie 1961 as die verwysingsdraaipunt aandui. Eersgenoemde datum is deur 'n ontleding van die draaipunte van betekenisvolle individuele reekse bevestig. Volgens die kwartaallike nasionale rekeninge-statistiek⁵ het die toenamekoers in die bruto binnelandse produk van die nie-landbousektore gedurende 1960 en in die eerste helfte van 1961 afgeneem. Alhoewel die koers in die derde kwartaal van 1961 toegeneem het, is daar ook in die vierde kwartaal 'n afname aangeteken voordat dit in 1962 weer versnel het. Die skommelings in die bruto binnelandse produk gedurende hierdie tydperk kan dus met die verwysingstrog in Augustus 1961 versoen word.

Opswaai: September 1961 tot April 1965

Alhoewel die hele periode ná die afswaai van 1960/61 deur 'n betreklik hoë groei-kopers, en ná 1964 ook deur inflasionistiese neigings waarop daar voortdurend beleidmaatreëls gerig is, gekenmerk is, kon kortafswaaie nietemin in die tweede helfte van 1965 en weer in 1967 uitgeken word. Die opswaai vanaf September 1961 tot April 1965 word verder gekenmerk deur drie sub-periodes, naamlik:

- (1) die nege maande tot omstreeks die middel van 1962, toe 'n aantal faktore bygedra het tot 'n stadige maar gelykmatige toename in ekonomiese bedrywigheid;
- (2) vanaf die middel van 1962 tot omstreeks die middel van 1964, toe verdere stimulerende faktore voorgekom het en 'n meer neutrale ekonomiese beleid gevolg is; en
- (3) die oorblywende tien maande toe die volkshuis-houding oorverhit geraak het en anti-inflasionele maatreëls weer ingestel is.

Die eerste stadium: September 1961 tot middel 1962

Die belangrikste uitbreidingsfaktore wat vir die aanvanklike opswaai in ekonomiese bedrywigheid ná Augustus 1961 verantwoordelik was, was 'n duidelike toename in die goedere-uitvoer en goudproduksie. Die betalingsbalans is verder versterk deur 'n aansienlike afname in die kapitaaluitvloeiing as gevolg van die strenger toepassing van valutabeheer. Gepaard met 'n afname in die invoer, het hierdie gunstige ontwikkelings nie alleen tot 'n groot oorskot op die lopende rekening gelei nie maar, ná Junie 1961, ook tot 'n aansienlike toename in die goud- en buitelandse valutareserwes. Laasgenoemde het weer gelei tot 'n toename in die likwiditeit van die private sektor en 'n gunstige monetêre en banktoestand wat bevorderlik was vir 'n opswaai in ekonomiese bedrywigheid. Hierdie omstandighede is aangehelp deur die aanvaarding van 'n bewuste ekspansionistiese beleid deur die owerheid,

⁵Beskikbaar vanaf 1960.

Die Reserwebank het die Bankkoers verlaag van 5 na $4\frac{1}{2}$ persent op 7 September 1961 en tot 4 persent op 13 Junie 1962, met die gevolg dat korttermyn leen- en uitleenkoerse afwaarts beweeg het. Verder is in die Begroting van 1962 'n ekspansionistiese fiskale beleid aangekondig toe inkomstebelastingkortings vir kapitaalbesteding en toenames in uitvoeromsette ingestel is en vir aansienlike toenames in owerheidsbesteding voorsiening gemaak is.

Die tweede stadium: Middel 1962 tot middel 1964

Die duidelike versnelling in ekonomiese bedrywigheid gedurende hierdie periode, soos weerspieël in groenkoerse van ongeveer $8\frac{1}{2}$ persent in die reële bruto binnelandse produk gedurende sowel 1963 as 1964, het voortgespruit uit aansienlike toenames in al die komponente van die bruto binnelandse besteding en die uitvoer.

Tot ongeveer die einde van 1963 het die owerheid dit nog steeds nodig geag om die herstel in die ekonomiese bedrywigheid te ondersteun deur stimulering van die investering, verbruiksbesteding en uitvoer. Vir hierdie doel is die Bankkoers op 27 November 1962 van 4 na $3\frac{1}{2}$ persent verlaag, wat die derde verlaging van die koers in 'n periode van elf maande was, terwyl die Begroting van Maart 1963 deur 'n ekspansionistiese fiskale beleid gevolg is. Afgesien van die feit dat daar vir 'n aansienlike toename in die besteding op die Inkomste- en die Leningsrekening voorsiening gemaak is, het hierdie begroting maatreëls bevat om die verbruik, investering en uitvoer te stimuleer. Hierdie maatreëls het 'n korting van 5 persent op inkomstebelasting van individue en 'n inkomstebelastingvrye periode van agt maande vanaf Julie 1962 ingesluit. Ten einde die private vaste investering aan te moedig, is die investeringstoelaes wat vroeër ingestel is, uitgebrei. Uitvoerders het toegewings ontvang ooreenkomsdig die koste wat hulle vir die ontwikkeling van uitvoermarkte aangegaan het.

Hoewel die aansienlike toename in die vraag na sowel verbruiks- as kapitaalgoedere gedurende hierdie tydperk gedeeltelik deur plaaslike produksie bevredig kon word, is daar tot laat in die jaar 1965 ook 'n aansienlike toename in die goedere-invoer ondervind. Aangesien die uitvoer vanweë die toename in die binnelandse vraag ook teen 'n stadiger koers toegeneem het, het die groot oorskot van R454 miljoen (teen 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers) op die lopende rekening van die betalingsbalans in die tweede kwartaal van 1962 skerp afgeneem tot slegs R34 miljoen in die tweede kwartaal van 1964. Ten spyte van die voortgesette netto uitvlloeiing van kapitaal, wat hoofsaaklik die gevolg was van 'n verslapping van valutabeheer, het die totale goud- en buitelandse valutareserwes tot September 1963 aangehou om skerp te styg voordat dit matig begin afneem het. Aangesien die diskonteringe en voorskotte van die handelsbanke, hand aan hand met

die versnelling in die totale binnelandse besteding, sterk gestyg het, het geld en kwasi-geld ook aamerklik toegeneem. Die totale monetêre vraag is gevvolglik verder deur die gunstige monetêre en banktoestand aangehelp.

Dit het duidelik geword dat die oorskot-likwiditeit op die geldmark verminder sou moes word ten einde die dalende neiging in korttermynrentekoerse af te rem. Met hierdie doel voor oë het die regering voortgegaan om meer geld op die binnelandse mark te leen as wat hy nodig gehad het, terwyl die Reserwebank handelsbanke toegelaat het om beperkte bedrae aan buitelandse valuta in die buitenland te belê en valutabeheer terselfdertyd verder verslap is. Bykomende toewysings van invoerpermitte is ook op verskillende stadia gedurende die tydperk onder bespreking aangekondig. Hierdie maatreëls sowel as die voortgesette toename in bankkrediet en 'n daling in die goud- en buitelandse valutareserwes vanaf Oktober 1963, het tot 'n opwaartse neiging in rentekoerse en 'n strammer toestand op die geldmark geleid.

Teen die einde van 1963 het die aansienlike koers van toename in die private vaste investering en die ontstaan van sekere knelpunte aanleiding gegee tot 'n klemverskuiwing in monetêre en fiskale beleid, naamlik van stimulering van ekonomiese bedrywigheid na handhawing van stabiliteit. Ooreenkomsdig hierdie beleid het die Begroting van Maart 1964 geen besondere disinflasionele maatreëls bevat nie, terwyl die groot oorskot op die Inkomsterekening en die sterk kontantposisie van die regering ook nie tot 'n algemene belastingverlaging geleid het nie.

Die derde stadium: Middel 1964 tot April 1965

Hoewel die algemene ekonomiese aktiwiteit gedurende hierdie periode voortgegaan het om teen 'n baie bevredigende koers toe te neem, het daar tekens van oorspanning en knelpunte begin voorkom. Gedurende die jaar geëindig Junie 1965 het die reële bruto binnelandse produk in werklikheid vir die derde agtereenvolgende jaar teen 'n baie hoë koers gestyg. Hierdie tydperk is in die besonder gekenmerk deur binnelandse oorbesteding wat in al die belangrike komponente van die besteding weerspieël is.

Die aansienlike toename in die besteding op sowel kapitaal- en verbruiksgoedere kon nie ten volle deur die binnelandse produksie bevredig word nie en moes dus met hoér invoer aangevul word. Nieteenstaande hierdie toeoeging tot die aanbod van goedere het die oormatige binnelandse besteding geleid tot 'n aansienlike versnelling in die koers van toename in pryse en koste. Die tekort aan geskoolde arbeid het verder versleg en tot aansienlike toenames in die gemiddelde salaris en lone aanleiding gegee.

Met invoer wat vinnig toegeneem het en uitvoer wat slegs matig gestyg het, het die klein oorskot van R34 miljoen (teen 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers) op

die lopende rekening van die betalingsbalans aanmerklik afgeneem tot 'n tekort van R521 miljoen in die tweede kwartaal van 1965. Die skerp toename in die invoer het met uitsonderlik groot investerings in voorrade gepaard gegaan. So het die toevoeging tot voorrade, teen heersende pryse, vanaf R149 miljoen in 1963/64 tot R310 miljoen in 1964/65 toegeneem. Tesame met 'n betreklik klein netto uitvloeiing van buitelandse kapitaal, het dit die seisoensaangesuiwerde totale goud- en buitelandse valutareserves gedurende hierdie tydperk aansienlik laat daal, naamlik van R580 miljoen in September 1963 tot R349 miljoen in September 1965. Nienteenstaande hierdie skerp daling het die hoeveelheid geld en kwasi-geld verder toegeneem, hoofsaaklik as gevolg van 'n aansienlike toename in bankkrediet aan die private en die regeringssektor. Die monetêre toestand het daardeur die oormatige toename in die binnelandse vraag in belangrike mate aangehelp.

Ten einde die ewewig in die volkshuishouding te herstel, het die owerheid verskeie monetêre en fiskale maatreëls ingestel om die oormatige binnelandse vraag en die oormatige kredietskepping deur die banksektor te beperk. In Junie 1964 het die Reserwebank bankinstellings versoek om 'n versigtiger kredietbeleid te volg en op 15 Julie 1964 is die Bankkoers van $3\frac{1}{2}$ na 4 persent, en op 8 Desember 1964 verder na $4\frac{1}{2}$ persent, verhoog. Meer beperkende stappe het op 5 Maart 1965 gevolg toe die Bankkoers na 5 persent verhoog is, die Reserwebank se „stel“ koerse vir staatseffekte opwaarts hersien is, en die vereiste verhouding van likwiede bates wat deur handelsbanke gehou moet word, verhoog is. Hierdie verhouding is verder verhoog in Mei en Junie 1965, en is nogmaals verhoog in Julie tot die maksimum wat wetlik toelaatbaar is.

Die Begroting van 1965 was oor die algemeen beperkend deurdat die bedrag wat op Leningsrekening aangevra is, byvoorbeeld met ongeveer R100 miljoen verminder is en R30 miljoen van die Inkomsterekening na die Leningsrekening oorgedra is. Bowendien is 'n leningsheffing van 5 persent op die inkomstebelasting van persone en maatskappye (uitsluitende goudmynmaatskappye), en 'n heffing van 5 persent op die inkomstebelasting van alle maatskappye anders as goudmynmaatskappye, ingestel.

Die invoerbeheerbeleid het gedurende hierdie stadium betekenisvol verander. Toe invoerbeheer in 1964 en die eerste helfte van 1965 verslap is, is sakeondernemings gevra om hulle voorrade op 'n hoër peil te bring. In die tweede helfte van 1965 is hierdie beleid omgekeer, toe invoerbeheer verskerp is en sake-ondernemings meege��el is dat hulle die peil van hul voorrade moes verminder. Hierdie omstandighede het 'n betekenisvolle invloed op baie ekonomiese veranderlikes gehad en die afswaai wat in die tweede helfte van 1965 geïdentifiseer is, moet teen hierdie agtergrond verklaar word.

Uit die voorgaande breë oorsig van ekonomiese neigings blyk duidelik dat 'n uitsonderlike versnelling

in ekonomiese bedrywigheid na Augustus 1961 ondervind is. Dit kom ook duidelik na vore uit die gedrag van die diffusie-indexe (sien grafieke 2 en 3). Die ongeweegde diffusie-index toon dat vir meer as twee jaar gedurende hierdie stadium in meer as 80 persent van die tydreekse toenames aangeteken is. Gedurende die derde stadium van die tydperk onder bespreking het sekere ekonomiese verskynsels, asook die verandering in die invoerbeheerbeleid en die beperkende maatreëls wat deur die owerheid getref is, teen die middel van 1965 egter 'n verlangsaming in die groeikoers van bedrywigheid teweeggebring. Dit wil derhalwe voorkom asof daar, op grond van veranderings in die algemene ekonomiese toestand, tussen Februarie en September 1965 'n boonste draapunt voorgekom het. Die tros van draapunte, die geweegde diffusie-index en die ongeweegde diffusie-index dui boonste draapunte van die konjunkturgolf aan in April, Junie en Augustus 1965, onderskeidelik, terwyl die bruto binnelandse produk teen heersende pryse (sowel met insluiting as met uitsluiting van die toegevoegde waarde van die landbou) in die eerste kwartaal van die jaar 'n boonste draapunt bereik het.

Aangesien sowel die bruto binnelandse produk as 'n ander belangrike saamgestelde reeks, naamlik die fisiese volume van fabrieksproduksie, in die eerste kwartaal van 1965 draapunte getoon het, sou dit dus verkieslik wees om die vroeëste datum wat deur die gebruikte statistiese metodes aangedui word, naamlik April 1965, eerder as Junie of Augustus wat deur die ander twee metodes aan die hand gedoen word, as verwysingsdraapunt te aanvaar.

Afswaai: Mei 1965 tot Desember 1965

Soos hierbo reeds opgemerk is, moet die afswaai in die tweede helfte van 1965 nie slegs verklaar word teen die agtergrond van ekonomiese gebeurtenisse nie maar ook in terme van die belangrike rol wat invoerbeheerbeleid voor en gedurende hierdie fase gespeel het. So kan die merkbare afname in die bruto binnelandse besteding vanaf die derde kwartaal van 1965 tot die eerste kwartaal van 1966, hoofsaaklik toegeekry word aan die skerp daling in die investering in voorrade, wat op sy beurt weer met die verskerping van invoerbeheer vanaf Oktober 1965 in verband gestaan het. Die private verbruiksbesteding, die lopende owerheidsbesteding en die bruto binnelandse vaste investering het dwarsdeur 1965 aangehou om vinnig te styg. Die monetêre vraag na goedere en dienste het daardeur gedurende die tweede helfte van 1965 op 'n baie hoëvlak gebly en inflasione druk kon nog steeds waargeneem word.

Die bruto binnelandse produk het gedurende die tweede en derde kwartaal van 1965 teen 'n aanmerklik stadiger koers toegeneem, en die bruto binnelandse besteding het dit ver oorskry. Dit is weerspieël in die lopende rekening van die betalingsbalans wat in die

tweede kwartaal van 1965 'n rekord tekort getoon het, voordat dit gedurende die tweede helfte van 1965 vinnig herstel het. As gevolg van hierdie groot tekort het die goud- en buitelandse valutareserves skerp gedaal en het die owerheid die toevlug geneem tot invoerbeperkings op sowel kapitaalgoedere as grondstowwe om die betalingsbalans te beskerm. Op hierdie stadium is uiteraard nog nie verwag dat 'n kapitaalinvloeiing gedurende die tweede helfte van 1965 die druk op die betalingsbalans sou verlig nie. Die verbetering in sowel die lopende as die kapitaalrekening teen die einde van 1965 het 'n aansienlike toename in goud- en buitelandse valutareserves van omstreeks R100 miljoen gedurende die vierde kwartaal van 1965 teweeggebring. Dit het bygedra tot 'n skerp styging in die likwiditeit van die private sektor wat deur 'n aansienlike toename in die netto eise van die banksektor teen die regeringsektor (hoofsaaklik as gevolg van laasgenoemde se gebruik van sy kontantsaldo's by die Reserwebank om sy uitgawes te finansier) verder aangevul is.

Hierdie omstandighede was bevorderlik vir verdere inflasionistiese verwikkelinge en dit is dus geensins verbasend dat die Minister van Finansies in September 1965 aangekondig het dat alle moontlike pogings aangewend sou word om die besteding op alle vlakke van die owerheid te verminder en dat die totale tekort op die Skatkisrekening, indien enigsins moontlik, nie deur die gebruik van die owerheid se kontantsaldo's by die Reserwebank gefinansier sou word nie. Ten spye van hierdie maatreëls het die groeikoers van die ekonomiese bedrywigheid teen die einde van 1965 begin toeneem, hoofsaaklik as gevolg van die klimaat wat deur die verhoogde likwiditeit, die verbeterde stand van die betalingsbalans en die algemene vertroue in die Suid-Afrikaanse ekonomie geskep is. Al die ekonomiese aanwysers duï op 'n onderste draapunt ná September 1965 maar voor Februarie 1966. Die geweegde en ongeweegde diffusie-indekse duï op onderste draapunte in September en November 1965, onderskeidelik, terwyl dit volgens die tros van draapunte in Januarie 1966 voorgekom het. Die feit dat die bruto binnelandse produk gedurende die derde kwartaal 'n onderste draapunt toon terwyl 'n ander belangrike saamgestelde reeks, naamlik die fisiese volume van fabrieksproduksie, tot April 1966 gedaal het, bemoeilik die keuse van 'n spesifieke maand as verwysingsdraapunt. Aangesien die meer belangrike saamgestelde en ander reekse om Desember 'n tros vorm, is dit as die finale verwysingsdrog aanvaar.

Opswaai: Januarie 1966 tot Mei 1967

Die afname in die koers van toename in die bruto binnelandse produk gedurende die vorige fase is vanaf die begin van 1966 deur 'n aansienlike versnelling gevolg. So het die waarde van die bruto binnelandse produk teen heersende pryse gedurende die jaar ge-eindig Junie 1967 byvoorbeeld met ongeveer $10\frac{1}{2}$

percent toegeneem, vergeleke met $6\frac{1}{2}$ percent gedurende die vorige jaar. Die belangrikste ekspansionistiese faktore wat vir die hernieuwe opswaai verantwoordelik was, was die private verbruiksbesteding, die lopende owerheidsbesteding tot die tweede kwartaal van 1966, buitengewoon groot investerings in voorrade gedurende 1967, en 'n opvallende toename in die uitvoer.

Die toename in die uitvoer van handelsware, tesame met die hoë vlak van die netto goudproduksie, het gedurende die eerste drie kwartale van 1966 tot 'n oorskot op die lopende rekening van die betalingsbalans geleid. As gevolg van die groot toename in die binnelandse vraag, en veral as gevolg van die toename in die investering in voorrade vanaf die vierde kwartaal van 1966 ná die verslapping van invoerbeheer in Julie 1966, het die invoer van handelsware vinnig begin styg sodat die betalingsbalans in lopende rekening gedurende die daaropvolgende drie kwartale na 'n aansienlike tekort omgeswaai het. Met 'n netto invloeiing van buitelandse kapitaal oor hierdie hele tydperk, het die goud- en buitelandse valutareserves toegeneem vanaf 'n laagtepunt in September 1965 tot 'n hoogtepunt in Augustus 1966 voordat dit gedurende die res van 1966 en die eerste vyf maande van 1967 weer gedaal het.

Die seisoensaangesuiwerde syfers vir geld en kwasi-geld het tot Julie 1966 aangehou om te styg voordat dit oor die oorblywende gedeelte van hierdie stadium geneig het om af te plat. Onder hierdie omstandighede het die skatkiswissel-tenderkoers en verwante geldmarkkoers gedurende die eerste helfte van 1966 gedaal maar daarna weer hul opwaartse beweging hervat en gedurende die oorblywende gedeelte van hierdie stadium voortgegaan om te styg. In Julie 1966 is die bankkoers van 5 tot 6 percent verhoog terwyl die „stel“ koers van die Reserwebank op langtermynstaatseffekte in dieselfde maand met 'n $\frac{1}{2}$ percent tot $6\frac{1}{2}$ percent opgeskuif is. Die koers op kort- en mediumtermynneffekte is onderskeidelik in Maart en April 1967 verhoog.

Die oormatige monetêre vraag het, veral vanaf die middel van 1966 tot die middel van 1967, aanleiding gegee tot opwaartse druk op pryse en koste en die tekort aan geskoold arbeid wat alreeds ernstig was, vererger. Ten einde die oormatige vraag en daardeur ook die inflasionistiese druk in bedwang te hou, is verskeie monetêre en fiskale maatreëls deur die owerheid ingestel.

Die plafon op bankkrediet aan die private sektor, wat in Oktober 1965 ingestel is, is met aanpassings in Februarie en Julie 1966 verder verleng. Verdere beperkende maatreëls, insluitende die opheffing van die beheer oor depositokoers wat in Maart 1965 ingestel is, die uitbreiding van direkte beheer oor bankdiskonterringe en voorskotte aan die private sektor, die instelling van hoër verhoudings van voorgeskrewe en goedgekeurde bates vir versekeraars en pensioenfondse, en die reeds gemelde verhogings van rentekoers, is in Julie 1966 aangekondig. Dit is in Desember 1966 ge-

volg deur verdere stappe, insluitende bykomende beperkings op die besteding van die openbare sektor, 'n aansienlike verdere verslapping van invoerbeheer, die verskerping van direkte beperkings op bankkrediet (waaraan deur 'n proklamasie in Augustus 1967 amptelike status gegee is), en 'n meer beperkende geldmarkbeleid wat daarop gemik was om die bestaande bankkoers meer effekief te maak.

Wat fiskale maatreëls betref, is verskeie belastings in die Begroting van Augustus 1966 verhoog en is spesiale belastingvrye obligasies aan die publiek beskikbaar gestel, terwyl die owerheid te kenne gegee het dat die owerheidsbesteding soveel as moontlik beperk sou word. Die Begroting van Maart 1967 het verdere fiskale maatreëls bevat om die monetêre beleid te versterk en aan te vul. Verskeie belastingverhogings, insluitende hoër maatskappy-inkomstebelasting, die verhoging van doeane- en aksynsregte op motors en 'n verhoging van leningsheffings op individue en maatskappye, is aangekondig.

Bogenoemde monetêre en fiskale maatreëls het die gewenste uitwerking gehad en teen die helfte van 1967 het die meeste ekonomiese tydreekse, nadat dit vanaf die begin van 1966 skerp gestyg het, van rigting begin verander, wat dui op 'n boonste draaipunt na Februarie maar voor die derde kwartaal van 1967. Die tros van draaipunte het 'n boonste draaipunt in Mei aangedui, terwyl die geweegde en ongeweegde diffusie-indekse boonste draaipunte in Junie getoon het. Die koers van toename in die bruto binnelandse produk van die nie-landbousektore het tot die eerste kwartaal van 1967 versnel voordat dit oor die res van 1967 gedaal het. Hiereenoor het die fisiese volume van fabrieksproduksie 'n boonste draaipunt in Junie getoon. 'n Ontleding van die draaipunte van ander belangrike reekse dui daarop dat Mei 1967 as die finale verwysingspiek beskou behoort te word.

Afswaai: Junie 1967 tot Desember 1967

Die verskillende anti-inflasioneuse maatreëls wat gedurende 1966 en die eerste deel van 1967 geneem is, het daarin geslaag om die oorverhitte ekonomie af te koel. Die totale monetêre vraag het verlangsaam, 'n oorskot het op die lopende rekening van die betalingsbalans verskyn, en pryse het geneig om meer gelyk te verloop. Die druk op die binnelandse produksiefaktore is daardeur verlig.

Die verbetering in die lopende rekening van die betalingsbalans, tesame met 'n groot invloeiing van kapitaal, het tot 'n groot toename in die goud- en buitelandse valutareserwes geleid. Bowendien was daar 'n verdere toename in bankkrediet aan die private sektor, en onder hierdie omstandighede het die koers van toename in die likwiditeit van die private- en banksektore teen die einde van 1967 versnel. Die devaluasie van Sterling in November 1967 het 'n verdere invloeiing

van kapitaal aan die gang gesit wat bygedra het tot die oplewing op die effektebeurs wat daarop gevolg het. Dit is gevvolglik verstaanbaar dat die ekonomiese bedrywigheid teen die einde van 1967 'n geleidelike opwaartse neiging hervat het.

Die geweegde en ongeweegde diffusie-indekse het 'n onderste draaipunt in November getoon terwyl die tros-van-draaipunte-benadering op 'n onderste draaipunt in Desember 1967 gedui het. Ongelukkig was die skommelings in die landbouproduksie en ook in landbouvoorrade gedurende 1967 grotendeels vir die veranderings in die bruto binnelandse produk en besteding verantwoordelik. Alhoewel die bruto binnelandse produk eers in die vierde kwartaal van 1967 merkbaar gedaal het, het die bruto binnelandse produk van die nie-landbousektore hierdeur gedurende sowel die tweede as die derde kwartale van 1967 teen 'n effens laer koers toegeneem. Dit is ook belangrik om daarop te let dat die toegevoegde waarde van sekere sektore soos die fabriekswese, konstruksie, goudmynbou en die Suid-Afrikaanse Spoorweë- en Hawensadministrasie, gedurende die tweede helfte van 1967 geneig het om af te plat. Bowendien bevestig die verloop van die meeste van die ander belangrike ekonomiese aanwysers die indruk dat die koers van toename in ekonomiese bedrywigheid gedurende die tweede helfte van 1967 afgeneem het. Die fisiese volume van die fabrieksproduksie het byvoorbeeld vanaf Mei 1967 tot Februarie 1968 gedaal, terwyl ondanks die steeds verdere verslapping van invoerbeheer sedert Desember 1966, 'n besliste afname in die invoer vanaf Julie tot November 1967 voorgekom het. Die trog van Desember 1967 blyk dus ook versoenbaar te wees met die draaipunte van die meer belangrike en strategiese reekse.

Opswaai vanaf Januarie 1968

Volgens byna alle ekonomiese aanwysers het die Suid-Afrikaanse volkshuishouding 'n herlewing ondervind in 1968, wat die laaste jaar is wat in hierdie oorsig gedek word. Die koers van toename in ekonomiese bedrywigheid gedurende die eerste helfte van 1968 was betreklik laag maar het gedurende die tweede helfte en gedurende die grootste deel van 1969 momentum gekry. Gedurende 1968 in sy geheel was die bruto binnelandse besteding min of meer gelyk aan die bruto nasionale produk sodat die binnelandse vraag na en aanbod van goedere en dienste min of meer in ewewig was.

Hoofsaaklik as gevolg van 'n baie groot invloeiing van kapitaal wat met die internasionale valuta-onsekerhede verband gehou het, het die goud- en buitelandse valutareserwes aanmerklik toegeneem en, saam met 'n verdere toename in bankkrediet aan die private sektor, geleid tot die opbouing van oormatige likwiditeit in die private sowel as die banksektor. Hierdie buitengewoon hoë peil van likwiditeit het hoogkonjunktuurtoestande

in die eiendoms- en aandelemarkte teweeggebring wat teen die einde van 1968 en vroeg in 1969 'n ongeëwenaarde peil bereik het.

Finale draaipunte


Soos voorheen reeds bespreek, is die keuse van 'n verwysingsdraaipunt wat in 'n spesifieke maand geleë moet wees tot op sekere hoogte arbitrêr, aangesien die ekonomiese bedrywigheid nie noodwendig binne 'n maand van tempo en koers verander nie. Dit is nie-temin vir analitiese doeleindes noodsaaklik om wel so 'n keuse te maak nadat al die ter sake dienende inligting in ag geneem is. Die bygaande tabel gee 'n samevatting van die finale verwysingsdraaipunt datums soos wat dit ná oorweging van die resultate van die gebruikte statistiese metodes en die agtergrondontwikkelings sowel as van die verloop van sekere strategiese aanwysers van ekonomiese bedrywigheid, vasgestel is.

Tabel 6

Finale verwysingsdraaipunt datums en fases in die konjunktuurgolf


Opswaai	Afswaai
Na-oorlogs-Julie 1946	Augustus 1946-April 1947
Mei 1947-November 1948	Desember 1948-Februarie 1950
Maart 1950-Desember 1951	Januarie 1952-Maart 1953
April 1953-April 1955	Mei 1955-September 1956
Oktober 1956-Januarie 1958	Februarie 1958-Maart 1959
April 1959-April 1960	Mei 1960-Augustus 1961
September 1961-April 1965	Mei 1965-Desember 1965
Januarie 1966-Mei 1967	Junie 1967-Desember 1967
Januarie 1968—	

Graafiek 4




Grafiek 4 vervolg

Ooreenstemming van spesifieke draaipunte van
gekose tydreeks en verwysingsdraaipunte



Grafiek 4 vervolg



Verwysings

1. Broida, A. L. „Diffusion Indexes”, *The American Statistician*, Vol. 9, No. 3, 1955.
2. Burns, A. F. en Mitchell, W. C. *Measuring Business Cycles*, National Bureau of Economic Research, 1946.
3. Bush, M. G. en Cohen, A. M. *The Indicator Approach to the Identification of Business Cycles*, Reserve Bank of Australia Occasional Paper No. 2, Sydney, 1968.
4. du Plessis, J. C. *Economic Fluctuations in South Africa, 1910-1949*, Buro vir Ekonomiese Navorsing, Universiteit van Stellenbosch, 1950.
5. Haberler, G. *Prosperity and Depression*, 5de druk, Allen en Unwin, Londen, 1964.
6. Kendall, M. G. en Buckland, W. R. *A Dictionary of Statistical Terms*, 2de druk, Oliver en Boyd, Londen, 1966.
7. Macaulay, F. R. *The Smoothing of Time Series*, National Bureau of Economic Research, 1931.
8. Moore, G. H. „Analyzing Business Cycles”, *The American Statistician*, Vol. 8, No. 2, 1954.
9. Moore, G. H. *Statistical Indicators of Cyclical Revivals and Recessions*, Occasional Paper No. 31, National Bureau of Economic Research, 1950.
10. Shiskin, J., Young, A. H. en Musgrave, J. C. *The X-11 Variant of the Census Method II Seasonal Adjustment Program*, Technical Paper No. 15, Bureau of the Census, U.S. Department of Commerce, 1965.
11. van der Walt, B. E. *'n Waardering van enkele moderne konjunktuurteorieë aan die hand van Suid-Afrikaanse gegewens*, Ongepubliseerde M.Com.-verhandeling, Universiteit van Pretoria, 1968.

Aanhangsel – reekse gebruik vir konjunktuurgolf-ontleding

Landbou, bosbou, jag en visserye

	Beskikbaar vanaf
Bruto binnelandse produk: toegevoegde waarde	1e kw. 1960
Kaskredietvoorskotte van Landbank	Jan. 1946
Uitvoer:	
ingelegde vrugte en vrugte preparate	Jan. 1964
karakoelpelse	Jan. 1964
melies	Jan. 1964
rou-suiker	Jan. 1964
sitrusvrugte	Jan. 1964
wol	Jan. 1964
Vaste investering:	
geboue en konstruksies	1e kw. 1960
masjinerie, uitrusting, ens.	1e kw. 1960

Mynbou en steengroewery

Bruto binnelandse produk: toegevoegde waarde	1e kw. 1960
Fisiële volume van produksie:	
goudmynbou	Jan. 1946
ander mynbou	Jan. 1961
totaal	Jan. 1961
Fisiële volume van steenkoolverkope	Jul. 1911
Gemiddelde salaris en lone per maand:	
alle rasse	Jul. 1958
Blankes	Jul. 1958
Investering in voorrade	1e kw. 1960
Pryse van gewone aandele:	
goudmynmaatskappye	Jan. 1946
steenkoolmyntmaatskappye	1e kw. 1958
Uitvoer:	
diamante	Jan. 1964
koper	Jan. 1964
Vaste investering:	
geboue en konstruksies	1e kw. 1960
masjinerie, uitrusting, ens.	1e kw. 1960
Werkverskaffing (alle rasse):	
goudmynbou	Jan. 1946
ander mynbou	Jan. 1946
totaal	Jan. 1946

Fabriekswese

Arbeidsomset per 100 produksiewerkers:	
getal afdankings en bedankings	Jan. 1957
getal indiensnemings	Jan. 1957
Bruto binnelandse produk: toegevoegde waarde	
private fabriekswese:	
ander inkome	1e kw. 1960
totaal	1e kw. 1960
ander fabriekswese	
totaal	1e kw. 1960
Fisiële volume van produksie:	
basiese metale en metaalprodukte	Jan. 1961
chemikalieë en chemiese produkte	Jan. 1961
hout en meubels	Jan. 1961
masjinerie	Jan. 1961
nie-metaalhoudende mineraalprodukte	Jan. 1961
tekstiele, klerasie en skoeisel	Jan. 1961
verpakkingsmateriaal	Jan. 1961
vervoertoerusting	Jan. 1961
voedsel	Jan. 1961
ander	Jan. 1961
duursame goedere	Jan. 1961
nie-duursame goedere	Jan. 1961
totaal	Jan. 1961
ruyster en ysterlegerings	Jan. 1936
Investering in voorrade:	
aangekopte goedere	1e kw. 1960
eie-vervaardigde goedere	1e kw. 1960
materiaal en werk aan die gang	1e kw. 1960
totaal	1e kw. 1960

Nuwe bestellings ontvang, uitgesoekte groepe:			
duursame goedere	3e kw. 1964		1e kw. 1960
nie-duursame goedere	3e kw. 1964		Jan. 1957
totaal	3e kw. 1964		
Onvoltooide bestellings, uitgesoekte groepe:			
duursame goedere	Jul. 1964		Jan. 1958
nie-duursame goedere	Jul. 1964		Jan. 1958
totaal	Jul. 1964		
Onvoltooide bestellings as persentasie van verkope, uitgesoekte groepe:			
duursame goedere	3e kw. 1964		Jan. 1927
nie-duursame goedere	3e kw. 1964		April 1920
totaal	3e kw. 1964		Jan. 1951
Produktiwiteit (fisiële volume van produksie gedeel deur totale ure)	Jan. 1961		Jan. 1952
Ure gewerk:			Jan. 1951
gemiddelde per blanke produksiewerker	April 1957		Jan. 1948
oortyd as persentasie van gewone ure, produksiewerkers	April 1957		Jan. 1952
totaal	April 1957		Jan. 1951
Vaste investering: fabriekswese en konstruksie masjinerie, uitrusting, ens.	1e kw. 1960		Jun. 1910
Verbruik van gewalste en getrokke staalprodukte (ton):			
platstaal	1e kw. 1962		
profielstaal	1e kw. 1962		
totaal	1e kw. 1962		
Versendings van gewalste en getrokke staalprodukte (ton):			
platstaal	Jan. 1936		
profielstaal	Jan. 1936		
totaal	Jan. 1936		
Werkverskaffing	Jan. 1948		
Konstruksie			
Arbeidsomset per 100 produksiewerkers:			
getal afdankings en bedankings	Jan. 1957		
getal indiensnemings	Jan. 1957		
Bouplanne goedgekeur:			
aanbouwings en veranderings	Jan. 1958		
woongeboue	Jan. 1958		
nie-woongeboue	Jan. 1958		
totaal	Mei 1923		
Bruto binnelandse produk: toegevoegde waarde	1e kw. 1960		
Fisiële volume van cementproduksie	Jan. 1929		
Geboue voltooi	Jan. 1959		
Gemiddelde salaris en lone per maand:			
alle rasse	Jan. 1957		
Blankes	Jan. 1957		
Investering in voorrade	1e kw. 1960		
Ure gewerk:			
oortyd as persentasie van gewone ure, produksiewerkers	April 1959		
totaal	April 1957		
Vaste investering: geboue en konstruksies:			
fabriekswese en konstruksie	1e kw. 1960		
handel, private vervoer en finansiële instellings	1e kw. 1960		
openbare korporasies	1e kw. 1960		
plaaslike owerhede, algemeen	1e kw. 1960		
plaaslike owerhede, sake-ondernehmings	1e kw. 1960		
proviniale administrasies	1e kw. 1960		
sentrale regering, algemeen	1e kw. 1960		
sentrale regering, sake-ondernehmings	1e kw. 1960		
S.A.S. & H.	1e kw. 1960		
Werkverskaffing (alle rasse) – private konstruksie	Jan. 1948		
Elektrisiteit, gas en water			
Bruto binnelandse produk: toegevoegde waarde	1e kw. 1960		
Elektriese stroom opgewek	Jan. 1943		
Vaste investering: openbare korporasies: masjinerie, uitrusting, ens.	1e kw. 1960		
Vervoer, opberging en kommunikasie			
Bruto binnelandse produk: toegevoegde waarde			
Dieselolie-verkope			
Gemiddelde salaris en lone per maand: S.A.S. & H.			
alle rasse			
Blankes			
Inkomstedraende verkeer, S.A.S.:			
tonmyle			
tonnemaat			
Lugvragtonmyle – binnelandse verkeer			
Passasiërsmyle – binnelandse lugverkeer			
Petrolverkope			
Skeepvaart – kusvaartladung gehanteer			
Spoorweginkomste – vervoerdienste			
Vaste investering: masjinerie, uitrusting, ens.:			
sentrale regering, sake-ondernehmings			
S.A.S. & H.			
Vervoer, uitges. vrag en versekering:			
betalings aan buiteland			
ontvangste van buiteland			
Vrag en versekering:			
betalings aan buiteland			
ontvangste van buiteland			
Werkverskaffing (alle rasse):			
Poskantoor			
S.A.S. & H.			
Handel			
Bruto binnelandse produk: toegevoegde waarde			
Dagvaardings vir skuld (aantal siviele)			
Groothandelspryse van goedere vir binnelandse aanwending – totaal			
Groothandelsverkope:			
boumateriaal			
metale, masjinerie en algemene plaasbenodigdhe			
meubels en huishoudelike benodigdhede			
ander			
totaal			
Insolvensies van individue en venootskappe (aantal)			
Investering in voorrade:			
handel en nywerheid			
handel uitges. landbouvoorraad in handel en			
diamante			
kleinhandel			
motorhandel			
Kleinhandelsverkope:			
meubels en huishoudelike benodigdhede			
ander			
totaal			
Likwidasies van maatskappye (aantal)			
Motorvoertuie verkoop:			
aantal nuwe handelsvoertuie			
aantal nuwe motors			
totaal			
waarde van gebruikte			
Vaste investering: masjinerie, uitrusting, ens.			
Verbruikerspryse – totaal			
Vonnisse vir skuld (aantal siviele)			
Finansiële dienste			
Bankdebiteringe			Jan. 1928
Bouverenigings:			
aandelekapitaal			
kontant, deposito's en beleggings (uitges. verbandvoorskotte)			
spaardeposito's			
vaste deposito's			
verbandvoorskotte			
verbandvoorskotte toegestaan maar nog nie uitbetaal			
voorskotte toegestaan gedurende die maand			

Bruto binnelandse produk: toegevoegde waarde	1e kw. 1960	Verbruiksbesteding aan:	
Handelsbanke:		klerasie	1e kw. 1960
diskonteringe en voorskotte	Jun. 1923	meubels	1e kw. 1960
kontant en daggeldlenings	Jun. 1953	motors	1e kw. 1960
totale depositolaste	Jan. 1948	voerisel	1e kw. 1960
Monetêre banksektor:		duursame goedere	1e kw. 1960
geld en kwasi-geld	Des. 1962	nie-duursame goedere	1e kw. 1960
goud- en buitelandse valutareserves	Jan. 1946	totaal	1e kw. 1960
langtermyn depositolaste	Des. 1962	Volkstrek – aantal immigrante	Jan. 1925
netto eise teen die regeringsektor	Des. 1962	Werkloosheid:	
totale eise teen die private sektor	Des. 1962	getal geregistreerde Blanke, Kleurlinge en Asiate	Jan. 1948
N. F. K.:		getal geregistreerde blanke mans	Jan. 1948
daggeldkoers	Jun. 1958	Werkverskaffing in nie-landbousektore:	
totale depositolaste	Sep. 1949	alle rasse	1e kw. 1958
N. F. K. en diskontohuise – totale deposito's en daggeldlenings	Jan. 1959	Blanke	1e kw. 1958
Opbrengskoers op nywerheids- en handelsaandele	Jul. 1962		
Skatkiswissel – tenderkoers	Jun. 1958		

Vaste eiendom

Vaste eiendom:	
waarde van transaksies	Jul. 1910
oordragwaarde van plattelandse	Jan. 1943

Algemene owerheid

Bruto binnelandse produk:	
indirekte belastings	1e kw. 1960
subsides	1e kw. 1960
Lopende besteding deur algemene owerheid	1e kw. 1960
Skatkisontvangste op Inkomsterekening:	
doeane en aksyns	Jan. 1946
inkomstebelasting	Jan. 1946
totaal	Jan. 1946
Totale netto uittreikings (uitges. lenings)	Jan. 1964
Uitreikings op Inkomsterekening	Jan. 1946
Werkverskaffing (alle rasse):	
plaaslike besture	1e kw. 1961
provinciale administrasies	1e kw. 1961
sentrale regering	1e kw. 1959

Ander dienste

Maatskappy geregteer, getal nuwe	Jan. 1934
Verbande geregteer, getal (uitges. Landbank)	April 1955
Verbruiksbesteding aan dienste	1e kw. 1960

Diverse reekse

Betalingsbalans:	
invoer:	
intermediêre goedere	1e kw. 1965
kapitaalgoedere	1e kw. 1965
verbruiksgoodere	1e kw. 1965
totaal	Jan. 1958
toerisme – betalings aan buiteland	1e kw. 1958
uitvoer – intermediêre goedere	1e kw. 1965
Bruto binnelandse besparing	1e kw. 1960
Bruto binnelandse produk:	
salarisse en lone	1e kw. 1960
ander inkome	1e kw. 1960
totaal	1e kw. 1960
Effektebeurs – omset	Jan. 1949
Gemiddelde salaris en lone per maand in nie-landbousektore:	
alle rasse	Jan. 1958
Blanke	Jan. 1958
Investering in voorrade:	
openbare korporasies	1e kw. 1960
openbare owerhede	1e kw. 1960
Invoer; Departement Doeane en Aksyns	Jan. 1910
Kapitaalverandering van maatskappye, alle groepe:	
nominaal kapitaalvermindering	Jan. 1934
nuwe nominale kapitaal	Jan. 1932
Maatskappybesparing	1e kw. 1960
Pryse van nywerheids- en handelsaandele	Jan. 1946
Uitvoer; Departement Doeane en Aksyns (uitgesondert goud)	Jan. 1910